NALEDZI
ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

Tel: 012 003 3383 | Fax: 087 550 1537
Tel: 087 550 1529 | Fax: 087 550 1537
info@naledzi.co.za | www.naledzi.co.za
Offices in Gauteng, Limpopo, KZN & Eastern Cape

**Datum: 21 Augustus 2024**

Geagte geregistreerde Belangstellende en Geaffekteerde Partye,

**KENNISGEWING VAN UITGEREIKTE OMGEWINGSMAGTIGING (OM) EN GEPAARDGAANDE AFVALBESTUURS LISENSIE (ABL)**

**Vir 'n Mynreg aansoek deur Nabas Diamante (Edms) Bpk om diamante (Alluviale en algemeen) te myn deur die ontwikkeling en bedryf van die voorgestelde Grasdrift Diamantmyn op die linkeroewer van die Oranjerivier op die Restant van plaas Nr. 18 (Grasdrift), Richtersveld Plaaslike Munisipaliteit, Namakwa Distrik, Noord-Kaap Provinsie, Suid-Africa**

**(DMHE Verwysings nr. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR)**

Neem geliewe kennis ingevolge regulasie 4 (2) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (WNOB) Omgewingsimpakbepalings (OIB) Regulasies (SK. 326 soos gewysig) dat die Noord-Kaapse Departement van Minerale Hulpbronne en Energie 'n omgewingsmagtiging en 'n afvalbestuurs lisensie uitgereik aan Nabas Diamante (Edms) Bpk om alluviale en algemene diamante te myn op die linkeroewer van die Oranjerivier op die restant van plaas nr. 18 in die Ais/Ais Richtersveld Oorgrens Park. Die bedrywighede sal bekend staan as Grasdrift Diamantmyn.

**Datum van uitreiking van die magtiging en lisensie: 7 Augustus 2024** (ontvang 21 Augustus 2024)

Die WNOB OIB-regulasies vereis dat die magtiging asook die redes vir die uitreik daarvan beskikbaar gestel moet word aan belangstellende en geaffekteerde partye binne 14 dae vanaf die datum van uitreiking. Vir hierdie doel, sien aangehegde afskrif van die magtiging.

Die magtiging verskaf besonderhede oor die uitslag van die aansoek, redes vir die DMHE se besluit, insluitend die proses wat gevolg moet word indien u 'n appèl teen die besluit wil aanteken.

**PROSEDURE VIR APPÈL:**

Partye wat formeel teen die besluit wil appeleer, moet, ooreenkomstig met regulasie 4 (1) Hoofstuk 2 van die Nasionale Appèlregulasie van 2014, **die appèl by die Minister van Bosbou, Visserye en Omgewing (DBVO) indien** asook **'n afskrif van die sodanige appèl by die DMHE aflê**, **binne 20 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing - dus voor of op Maandag, 9 September 2024.**

Die appèl moet ook teen die bogenoemde datum beskikbaar gestel word aan die titelhouer van die magtiging (Nabas Diam / aansoeker en enige registreerde belanghebbende en geaffekteerde partye asook staatsinstansies met belang by die aangeleentheid.

Tel: 012 003 3383 | Fax: 087 550 1537
Tel: 087 550 1529 | Fax: 087 550 1537
info@naledzi.co.za | www.naledzi.co.za
Offices in Gauteng, Limpopo, KZN & Eastern Cape

**DIE APPÈL MOET SKRIFTELIK, IN DIE VOORGESKREWE VORM INGEDOEN WORD:**

'n Appellant moet die appèl skriftelik en op die amptelike appèlvorm indien wat vanaf die kantoor van die DBVO of die Naledzi-webtuiste verkrygbaar is. Vir die appèlvorm en leiding, besoek:

- www.dffe.gov.za/documents/forms#legal_authorisations of versoek 'n afskrif van die dokumente vanaf appeals@dffe.gov.za
- Besoek alternatiewelik die Naledzi webtuiste: Naledzi | Environmental Consultants onder die projek opskrif 'Proposed Grasdrift Mine, Richtersveld - Environmental Authorisation'

Die appèl moet of per epos / faks / pos / hand by die volgende adres ingedien word:

**APPÈL AAN DIE DEPARTEMENT VAN BOSBOU, VISSERYE EN OMGEWING**

**Aandag: Direktoraat Appelle en Regsoorsig**

Per E-pos: appeals@dffe.gov.za

Per Hand: Environment House, Hoek van Steve Biko and Soutpansberg Straat, Arcadia, Pretoria, 0083

Per Pos: Privaat Sak X447, Pretoria, 0001

**'N AFSKRIF VAN DIE SODANIGE APPÈL MOET OOK AFGELÊ WORD BY DIE DEPARTEMENT VAN MINERALE HULBRONNE**

**Aandag: Streeksbestuurder – Noord-Kaap Distrik**

Per Faks: (053) 832 8593

Per E-pos: Ntombi.Mayekiso@dmre.gov.za

Per Pos: Privaat Sak X 6093, Kimberley, 8300

Per Hand: 41 Schmidtsdrift Straat, Ou Telkom Gebou, Kimberley, 8301

Die appèlvorm moet vergesel word deur die volgende:

i. 'n Verklaring wat die gronde van die appèl uiteensit.
ii. Stawende dokumentasie en 'n verklaring deur die appellant ten einde voldoening aan regulasie 4(1) van die Nasionale Appèlregulasies van 2014 te bevestig.

Appellante MOET voldoen aan die Nasionale Appèlregulasies van 2014 rakende die kennisgewing van alle geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye.

Neem asseblief kennis dat die indiening van 'n appèl die omgewingsmagtiging sal opskort totdat die appèl opgelos is.

Tel: 012 003 3383 | Fax: 087 550 1537
Tel: 087 550 1529 | Fax: 087 550 1537
info@naledzi.co.za | www.naledzi.co.za
Offices in Gauteng, Limpopo, KZN & Eastern Cape

Indien u enige navrae het, moet asseblief nie huiwer om die ondergetekende te kontak nie.

Vriendelike groete,



Marissa Botha (*Pr. Sci. Nat*)
*Registered* Omgewings-evaluerings Praktisyn vir Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk
141 Thabo Mbeki Straat, Polokwane, 0699
Kantoor: 087-550-1529
Sel: 084 226 5584 (Marissa)
E-pos: botham@naledzi.co.za